Mag vroue hulself versier

G. J. du Preez 072 1876 076

2.
Mag vroue hulself versier?

Hoekom wil die vrou haar versier? Hoekom wil die vrou altyd mooi aantrek? Hoekom is haar voorkoms so belangrik ? Kom ons kyk wat sê die Skrif oor versiering en mooimaak.

Jes. 3:16 Verder het YAH gesê: Omdat die dogters van Sion [nageslag van Jakob] trots is en loop met uitgerekte nek en met die oë lok, [gesien wil wees] wegstap met trippelgang [verblyding] en hulle voetringe laat rinkel, [met hoorbare verblyding]. [18] In dié dag sal YAH wegneem die sieraad van die voetringe en die sonnetjies en die maantjies; [19] die oor versiersels en die armbande en die sluiers; [20] die hoof versiersels en die voetkettinkies en die pronk gordels en die reukflessies en die towermiddels; [21] die vingerringe en die neusringe; [22] die feesklere en die manteltjies en die tjalies en die handsakkies; [23] die handspieëltjies en die hemde en die tulbande en die wye mantels. [24] Dan sal daar in plaas van balsemgeur mufheid wees, en in plaas van 'n gordel 'n tou, en in plaas van gevlegte hare kaalheid, en in plaas van 'n pronkgewaad 'n roukleed, brandmerk in plaas van skoonheid.
As jy nou oplet word hier gepraat met die manne van die volk en nie so seer met die vroue nie. Omrede ons as die uitverkore volk deur die hele Skrif gesien word as 'n 'vrou' van YAH, behandel YAH ons as Sy vrou en daarom wys Hy dit uit wat 'n vrou [volk] gebruik om haar mooi te maak vir haar man. Met jaloesie sien YAH Sy vrou aan. Dink net hoekom sal YAH net met vroue praat? Hoekom val Hy die vrou aan? Die vrou [Eva geslag] is 'n direkte uitwysing van YAH se wil. Hy wil hê dat Sy bruid moet kyk na haarself en ten alle tye betaamlik moet wees.

Eseg. 16:9 Daarop het Ek jou met water gewas en jou bloed van jou afgespoel en jou met <u>olie gesalf</u>. [10] Ook het Ek jou <u>beklee</u> met veelkleurige klere en vir jou <u>skoene</u> van robbevel gemaak, en Ek het jou gehul in fyn linne en jou oordek met sy. [11] Verder het Ek jou met sierade versier en armbande aan jou hande gesit en 'n ketting om jou hals. [12] En Ek het 'n ring aan jou neus gesit en oorringe aan jou ore en 'n pragtige kroon op jou hoof. [13] Ja, jy het jou versier met goud en silwer, en jou klere was fyn linne en sy en veelkleurige stowwe; jy het fynmeel en heuning en olie geëet, en jy was buitengewoon mooi en so voorspoedig dat jy koninklike waardigheid bereik het. [14] Daarby het daar 'n naam van jou af uitgegaan onder die nasies vanweë jou skoonheid, want dit was volmaak deur My versiersels wat Ek op jou aangebring het, spreek YAH van die Leërskare.

Hier lees jy weereens die man wat wel die vrou van YAH is. Hy wil hê dat Sy uitverkore haar moet mooimaak en versier vir Hom.

Maar nou kom die misbruiking na vore.
Eseg. 23:40 Ja, hulle het selfs na manne gestuur wat van ver gekom het—aan wie 'n boodskapper gestuur is, en kyk, hulle het gekom! —vir wie jy jou gewas, jou oë geverf en sierade aangesit het. [41] En jy het gesit op 'n pragtige bed waarvoor 'n tafel reggemaak is en waar jy My reukwerk en My olie op neergesit het; Toe kom YAH en verwoes. Jer. 4:30 En jy, verwoeste, wat gaan jy doen? Al trek jy skarlaken klere aan, al versier jy jou met goue sieraad, al laat jy jou oë groter lyk met swart verf—tevergeefs maak jy jou mooi; minnaars versmaad jou, hulle soek jou lewe.
Wat onthou moet word is dat versiersels slegs aan YAH behoort, want al trek die uitverkore pragtige pakke klere aan, al versier hulle hul met uiterlike versiersels om ander te beïndruk, hoereer hulle en dan sal YAH hulle verstoot en Sy versiersels van haar afruk.
Matt. 6:16 En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg. [17] Maar jy, as jy vas, salf jou hoof en was jou gesig, [18] sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.
Die misbruik van versiering lok die oog om die omstandigheid te bespeur. Ag siestog of die teenoorgestelde 'o' maar sy is mooi. Die hoer versier haar ook om die man te vang en daarom praat YAH teenoor die uiterlike versiering. Onthou die hoer is kerke en gelowe wat allerhande beloftes en mooi dinge uitwys om die uitverkore te lok.
1Pet. 3:3 Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, [4] maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor VADER. [5] Want so het vroeër ook die reine vroue wat op VADER gehoop het, hulleself versier, en hulle was aan hul eie mans onderdanig,
Lees julle dat daar selfs van haarvlegtery, goud, klere, ens. geskryf was, maar nie van grimering nie. Grimering is reeds bo uitgewys as iets wat misbruik kan word.
(*Nou kan ek ook vir die vrou sê, julle wat so met daardie sykous broeke rond hardloop op straat of daarmee op 'n fiets ry om 'n mooi portuur te kry, julle wat nakend in die son lê om 'n bruin gelaatskleur te wil hê, julle wat met onderklere [waarvan jy geen skaamte wegsteek nie] by gimnasiums sodanig gaan oefen, waarvoor, is die betaamlik?! Geen skaamte meer, geen opregtheid teenoor jou man en kinders nie. Die manne wat sulke dinge toelaat is teen YAH. Julle is swak en moet nie eers 'n man genoem word nie. Dis hoekom egskeidings deur sulke swakheid [versierings] die hoogte inskiet, dit het 'n tradisie geword in ons mooi land wat YAH aan ons gegee het!).*

Matt. 22:16 En hulle stuur hul dissipels saam met die Herodiane na Hom en sê: Meester, ons weet dat U waaragtig is en die weg van VADER in waarheid leer en U aan niemand steur nie, want U sien nie die persoon van mense aan nie— Hand. 10:34 En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat VADER geen aannemer van die persoon is nie,

Ons as die uitverkore moet ons mooimaak vir YAH, in en uiterlik, Sag.3:3,4 waarvan die innerlike die belangrikste is, maar die misbruik daarvan is die probleem.

Vir die interessante; Die vroegste historiese rekord van skoonheidsmiddels is afkomstig van die eerste dinastie van die Egiptiese Ryk, tussen 3000 en 3500 vM. Grafte wat hulle oopgemaak het van daardie era het hulle salfpotte gevind waarvan die mens al van daardie tyd al pogings aangewend het om die liggaam te reinig en te suiwer. Selfs seep van vandag kan gelys word onder kosmetiese items, wat bo en behalwe die skoonmaak deur seep is daar geursels in die seep om die liggaam lekker te laat ruik. Vat bv. die seëlring wat slegs deur manne [konings] gedra was, was streng deur die wet verbied dat 'n vrou dit mag dra, want op die ring is ‘n embleem of woorde wat slegs deur die man gebruik was. As hy bv. ‘n verbond aangaan met iemand het hy die seëlring gebruik [*hetsy op papier of klei*]. Dit was ‘n merk of ‘n identifikasie wat gebruik was om verseëling tussen twee partye te gee.

Om af te sluit oor versiering moet na die volgende gekyk word:
Die liggaam moet behoorlik en ten volle bedek word met skoon klere. Wees skaam op jou liggaam en versorg dit, want dit behoort aan YAH. Vroue wees onderdanig aan jou man, want jy is sy versiersel. Wees kuis, huislik, goed, nederig, gehoorsaam en onderdanig aan hom. Dra beskeie klere en versier jou met ingetoënheid, nie met vlegsels of goud of pêrels of kosbare klere nie. Moenie die arme onderdruk deur jou weelde nie. Wees lief vir jou man en sy kinders deur jou. Manne julle moet jou vrou toelaat om haar vir jou te versier. Laat toe dat sy mooi wil wees vir jou. Laat nooit toe dat sy uitspattig aantrek of versier nie, want sy is die ma van jou kinders. Laat sy ‘n voorbeeld wees vir andere. Sorg en vertroetel haar soos dit ‘n rein gees behaag.

Ns: Onthou daar is tyd vir versiering en daar is tyd vir sak en as. Ons tans in Suid Afrika moet nou in sak en as wees voor YAH, Hy sal ons weer versier.

Bedink dit.